## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar

VERHAAL A: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" **EN** VERHAAL B: "LUGSPIEËLING**"**

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

**VRAAG 6**

**VERHAAL A: "AG NEE DANKIE MAN, OUPA!" – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

"Waar's Kallie?" onthou sy pa.
"Seker soontoe soos 'n dwaas." Sy ma klink behoorlik boos. "En dan moet arme Ma staan en verskonings uitdink."

***

"Wat is dit met Oupa?" vra Kallie so onskuldig moontlik, "hallo Pa, Ma."
Sy ouers kyk vir mekaar en hul oë vra, "Hoeveel het hy gehoor?"
"Ag Oupa het maar 'n bietjie probleme," probeer sy pa lig maak van die gedoente.

***

"Ek sal Maandagmiddag vir Ouma kom help," belowe hy en wonder of hy sal uitkom voor sy oupa inkom.

***

Dis baie laat toe hy met 'n dik gesig en geswelde oë by die huis aankom. Sy ouers sê niks en sy ma beduie hy moet die telefoon wat in die gang begin lui, antwoord.
"Ou Kal, sal ek en jy volgende Saterdag ..."

***

Kallie voel die gal in sy keel opstoot en sy stem is dik toe hy eindelik die woorde uitkry: "Ag nee dankie man, Oupa!"

6.1 Wat het Kallie en Oupa vroeër op Saterdae gedoen wat lekker was? (1)

6.2 Waarom is Oupa nou Saterdae nie meer by die huis nie? (1)

6.3 Watter "verskonings" het Ouma vir Oupa se afwesigheid gemaak? Noem TWEE. (2)

6.4 "Ag Oupa het maar 'n bietjie probleme". (Reël 6)

Dink jy die familie was reg om nie oor Oupa se verhouding met die jong meisie te praat nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.5 Waarom, sou jy sê, was die verhouding tussen Oupa en die jong meisie verkeerd? (1)

6.6 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Kallie het sy oupa saam met 'n jong vrou gesien.
- Kallie se oupa het nie meer Saterdae saam met Kallie deurgebring nie.
- Al die seuns het by Black Cat se deur uitgestorm.
- Kallie se pa het hom fliek toe gestuur. (4)

6.7 Kallie se Ouma het nog oefening op haar ouderdom gedoen.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.8) neer.

Kallie het "met 'n dik gesig en geswelde oë" huis toe gegaan. (Reël 9)

Dit dui aan dat Kallie ...

A geïrriteerd was en nie wou praat nie.
B smoorkwaad vir iets of iemand was.
C gehuil het omdat hy hartseer was.
D siek was en nie lekker gevoel het nie. (1)

6.9 Verskillende gebeure en plekke het 'n groot invloed op Kallie se lewe gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.9.1 tot 6.9.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.9.1 Op die plaas | A … het die familie Oupa se probleem bespreek. |
| 6.9.2 In Oupa en Ouma se huis | B … het Kallie en sy maats saamgekuier. |
| 6.9.3 In die kafee | C … het Kallie vir Tommie by die hek gegroet. |
| 6.9.4 By Kallie se huis | D … het Kallie en sy oupa baie lekker tye gehad. |
| | E … het Kallie altyd appeltert gekry om te eet. |

(4 x 1) (4)

6.10 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die ontbrekende woord neer.

| kwaad; | skaam; | hartseer |
|---|---|---|

"Kallie voel die gal in sy keel opstoot". (Reël 14)

Hierdie uitdrukking wys dat Kallie ... gevoel het. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.11) neer.

Die laaste sin in die verhaal is dieselfde as die titel. Hoekom, dink jy, is die herhaling van hierdie woorde effektief?

Dit beklemtoon (*emphasise*) dat …

A Kallie nie van visvang hou nie.
B Kallie steeds respek vir sy oupa het.
C Kallie beplan om eerder iets anders te doen.
D Kallie nie meer dinge saam met sy oupa wou doen nie. (1)

6.12 Hoe sou jy anders as Kallie opgetree het as jy jou oupa saam met 'n ander vrou gesien het? (1)

6.13 Hoe sou jy hierdie verhaal op 'n gelukkige noot laat eindig het? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "LUGSPIEËLING" – Jackie Wolvaardt**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

Swetsend skiet Buster by 'n ouerige dame in 'n Volksie verby. "Moes vanmelewe al oppie scrapheap gewees het met kar en al, ou koei!"

Rosina byt haar lip. Dit lyk dan vir haar soos Miesies Ruben van die Rooiwinkel. Doen sy die regte ding, wonder sy vertwyfeld, maar dan onthou sy weer die vaal mure van haar kamer in hul huisie, ...

***

Sy oefen gereeld voor Cathy se spieël. Cathy ... sy sal vir Cathy mis, nee, sy sal vir Cathy kom haal as sy beroemd en suksesvol is ...

***

"Hoe, ek, my ma, ek kan nie so huis toe nie." Rosina snuif swaar.

"Jou skoolhoof wag al daar voor iewers. Wag, laat ek net hoor."

Sy lig die gehoorbuis van die telefoon op haar lessenaar, praat vinnig en kortaf. "Hulle kyk of hulle jou tas in die gesteelde kar kry. Miskien is jy gelukkig."

Maar die tas is weg.

"Buster sou dit wel verkwansel het," die polisievrou skud haar kop. "Sorry, girlie, that's life."

6.14 Waarheen was Rosina en Buster op pad? (1)

6.15 "Moes vanmelewe op die scrapheap gewees het met kar en al, ou koei!" (Reël 1 en 2)

Het Buster hier reg opgetree?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.16 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.16) en die ontbrekende woord neer.

| onseker; kwaad; hartseer |
|---|

"Rosina byt haar lip." (Reël 3)

Dit wys vir ons dat Rosina ... was. (1)

6.17 Buster het vir Rosina baie <u>leuens</u> vertel.

Noem TWEE dinge waaroor hy gejok het. (2)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.18) neer.

Rosina was ongelukkig oor "die vaal mure van haar kamer ..." (Reël 4 en 5)

Dit dui aan dat sy ...

A gevoel het dat sy nie genoeg privaatheid gehad het nie.
B baie tyd in haar kamer moes deurbring.
C haar kamer 'n ander kleur wou verf.
D gevoel het dat haar lewe nie interessant genoeg was nie. (1)

6.19 In hierdie verhaal wou party karakters Rosina help, maar ander wou haar misbruik.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.19.1 tot 6.19.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.19.1 Buster | A ... kon sien dat Rosina nie inpas by die mense by die rave nie. |
| 6.19.2 Die speurder | B ... het Rosina as 'n maklike prooi gesien. |
| 6.19.3 Joseph | C ... was 'n streng, maar goeie mens. |
| 6.19.4 Mnr. Du Patsi | D ... het pornografiese foto's geneem. |
| | E ... was 'n opregte vriend. |

(4 x 1) (4)

6.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Rosina het koeldrank gedrink wat anders gesmaak het.
- Rosina was moeg en het langs die kar inmekaar gesak.
- Buster het Rosina aan sy vriende voorgestel as sy niggie van die plaas af.
- Rosina wou vir ewig aanhou dans. (4)

6.21 Rosina is vir 'n pornografiese fotosessie gereed gemaak.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.22 Buster was 'n dief, maar het ook 'n ander slegte ding gedoen.

Watter ander slegte ding het hy ook gedoen? (1)

6.23 Was dit goed vir Rosina dat die polisie Buster en sy vriende daardie dag gevang het?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.24) neer.

Rosina het gevoel dat die skoolhoof nie van haar hou nie, **maar** hý het haar kom haal en haar veilig huis toe geneem.

Dit is 'n voorbeeld van …

A 'n vergelyking.
B ironie.
C 'n metafoor.
D simbool. (1)

6.25 "Sorry, girlie, that's life." (Reël 14)

Pas die Engelse woorde hier wanneer die polisievrou met Rosina praat?

Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die kortverhaal. (1)

6.26 Was Rosina reg of verkeerd om die huis sonder haar ouers se toestemming te verlaat?

Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die kortverhaal. (1)
**[40]**

**OF**

